

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA ***RAPPORTEERBAAR***
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: 8177/00

In die saak tussen:

PIETER FRANCOIS SMITH

Eerste Applikant

ALETTA SUSANNA CATHERINA SMITH

Tweede Applikant

en

JACOBA VAN HEERDEN

Eerste Respondent

CYNTHIA CHAPMAN

Tweede Respondent

MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT

Derde Respondent

DIE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING

Vierde Respondent

DIE PREMIER VAN DIE WES-KAAP

Vyfde Respondent

UITSPRAAK : 14 OKTOBER 2002

VAN HEERDEN R:

Inleiding

Eerste en tweede applikante (hierna '*mnr Smith*' en '*mev Smith*', onderskeidelik) doen aansoek om tersydestelling, alternatiewelik wysiging, van 'n kostebevel wat op 22 Februarie 2001 in 'n hersieningsaansoek teen hulle verleen is. Die huidige aansoek word gebring in terme van Reël 42 van die Eenvormige Hofreëls en, meer spesifiek Reël 42(1)(a), op grond van die bewering dat die kostebevel verkeerdelik aangevra of alternatiewelik verkeerdelik gegee is in die afwesigheid

van mnr en mev Smith. In die funderende eedsverklaring wat deur mnr Smith gemaak is, het die

applikante in die alternatief gesteun op Reël 42(1)(c), dws dat die kostebevel gegee is as gevolg van 'n gemeenskaplike fout van die partye, maar mnr **Grobbelaar**, wat namens mnr en mev Smith voor my verskyn het, het die Hof in kennis gestel dat die applikante nie meer op die bepalings van laasgenoemde paragraaf van Reël 42 staatmaak nie.

Agtergrond tot die huidige aansoek

Gedurende November 2000, het die eerste en tweede respondente (hierna '*Van Heerden*' en '*Chapman*', onderskeidelik) ingevolge Reël 53 aansoek gedoen vir die hersiening van: (i) die spesiale besluit geneem deur die derde respondent (hierna '*die Munisipaliteit*') om 'n gedeelte van Van Heerden en Chapman se onroerende eiendom, beskryf as Erf 353 Reebok ('*Erf 353*') te onteien; en (ii) die vierde respondent (hierna '*die Minister*') se goedkeuring van gemelde spesiale besluit ingevolge artikel 123 van die Munisipale Ordonnansie 20 van 1974 (soos gewysig). In terme van die Kennisgewing van Mosie in die hersieningsaansoek, het Van Heerden en Chapman ook vir 'n bevel gevra waarby die vyf respondente tot die hersieningsaansoek (naamlik, die huidige vyfde respondent (hierna '*die Premier*'), die Minister, die Munisipaliteit en mnr en mev Smith) '*gelas word om Applikante [nl, Van Heerden en Chapman] se koste te betaal*'.

Dit is gemene saak dat die Kennisgewing van Mosie behoorlik op die Smiths beteken is en dat hulle nie kennis gegee het van hulle voorneme om die hersieningsaansoek te bestry nie. Dit is ook gemene saak dat, op 30 November 2000, die Premier en die Minister 'n gesamentlike kennisgewing in terme van Reël 53 geliasseer het, waardeur hulle te kenne gegee het dat hulle nie van voorneme is om Van Heerden en Chapman se hersieningsaansoek te opponeer nie, maar dat hulle by die uitspraak van die Hof sal berus. In ruil hiervoor, het Van Heerden en Chapman onderneem om geen kostebevel teen hulle te vra nie. By wyse van 'n brief gedateer 7

Desember 2000, het Van Heerden en Chapman se prokureurs die Munisipaliteit in kennis gestel van die feit dat die bogenoemde kennisgewing deur die Premier en die Minister geliasseer is en dat Van Heerden en Chapman nie 'n kostebevel teen die Premier en die Minister sou vra nie. Die prokureurs het in terme van hierdie brief gevra of die Munisipaliteit *'ook van voorneme is om sodanige kennisgewing te liasseer'* en het verder aangedui dat *'indien wel, sal daar nie 'n kostebevel teen u gevra word nie'*.

Geen sodanige brief is deur Van Heerden en Chapman se prokureurs aan mnr en mev Smith geskryf nie. Op 19 Desember 2000, het die Munisipaliteit wel 'n soortgelyke kennisgewing in terme van Reël 53 geliasseer. Dit is gemene saak dat mnr en mev Smith glad nie in kennis gestel is van of die liassering van hierdie kennisgewings deur die Premier en die Minister, asook deur die Munisipaliteit, onderskeidelik, of die ondernemings gegee deur Van Heerden en Chapman dat hulle - in ruil vir hierdie kennisgewings - geen kostebevel teen enige van hierdie drie respondente sou vra nie.

Die hersieningsaansoek is ter rolle geplaas vir aanhoring op 22 Februarie 2001 op 'n onbestrede basis. Op daardie dag, het Jali R 'n hofbevel verleen in terme waarvan die vermelde spesiale besluit deur die Munisipaliteit en die goedkeuring daarvan deur die Minister ter syde gestel is en slegs mnr en mev Smith gelas is om Van Heerden en Chapman se koste van die hersieningsaansoek te betaal.

Mnr en mev Smith het eers gedurende Julie 2001 bewus geword van die feit dat 'n kostebevel teen hulle toegestaan is. Dit het aanleiding gegee tot korrespondensie tussen hulle prokureurs en Van Heerden en Chapman se prokureurs. Nadat mnr en mev Smith op 13 September 2001 die allokator van die taksasie ontvang het, wat bepaal het dat die getakseerde koste ongeveer R26 000,00 beloop, is die huidige aansoek op 21 September 2001 uitgereik. Die oorspronklike Kennisgewing van Mosie is daarna gedurende Oktober 2001 gewysig. In terme van die gewysigde Kennisgewing van Mosie, doen mnr en mev Smith aansoek vir 'n bevel met die volgende terme:

- '(i) Dat die kostebevel wat op 22 Februarie 2001 teen die Applikante [mnr en mev Smith] toegestaan is tersyde gestel word.*
- ii) In die alternatief tot bede (i) hierbo, dat die kostebevel wat op 22 Februarie 2001*

teen die Applikante toegestaan is, gewysig word om te lees dat die derde tot vyfde Respondente in hierdie aansoek [die Munisipaliteit, die Minister en die Premier] gelas word om die eerste en tweede Respondente (die eerste en tweede Applikante in die oorspronklike Kennisgewing van Mosie) [Van Heerden en Chapman] se koste van die Hersieningsaansoek te betaal.

- iii) *Verder in die alternatief, dat die kostebevel wat op 22 Februarie 2001 teen die Applikante toegestaan is, gewysig word om te lees dat die eerste en tweede Applikante en die derde tot die vyfde Respondente in hierdie aansoek [mnr en mev Smith, die Munisipaliteit, die Minister en die Premier] gelas word om die eerste en tweede Respondente (die eerste en tweede Applikante in die oorspronklike Kennisgewing van Mosie) [Van Heerden en Chapman] se koste van die Hersieningsaansoek te betaal.*
- iv) *Dat die Respondente [Van Heerden, Chapman, die Munisipaliteit, die Minister en die Premier] gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal en*
- v) *Verdere en/of alternatiewe regshulp.'*

Al vyf respondente opponeer hierdie aansoek.

Relevante feite

Mnr en mev Smith is die geregistreerde mede-eienaars van die onroerende eiendom beskryf as Erf 352 ('n gedeelte van Erf 295) Reebok, die noordelike grens waarvan die suidelike grens van Erf 353 (die eiendom van Van Heerden en Chapman) vorm. Erf 351 Reebok, geleë aan die

westelike grens van Erf 352, is geregtig op 'n padserwituut van drie meter wyd oor erwe 352 en 353, welke padserwituut in 1986 geregistreer is. Dié padserwituut gee toegang tot Erf 351 vanaf Olckersweg, die openbare pad geleë aan die noordelike grens van Erf 353. Op 9 November 1999, het die Raad van die Munisipaliteit besluit om 'n *'markverwante aanbod van R9 116,64 soos deur die Munisipale Waardeerder bepaal'* aan Van Heerden en Chapman te maak vir die registrasie van 'n 3 meter breë serwituut oor hulle erf (Erf 353) ten gunste van Erf 352, om toegang vanaf Olckersweg te verleen aan die eienaar van Erf 352 (mnr en mev Smith) via erf 353. Hierdie bedrag sou deur mnr en mev Smith, synde die mede-eienaars van Erf 352, betaal word. Die Raad het verder besluit dat, indien Van Heerden en Chapman nie die aanbod sou aanvaar nie, die Munisipaliteit 'n proses om 'n gedeelte van Erf 353, van drie meter wyd en strekkende langs die hele westelike grens van dié erf, te onteien van stapel sou stuur; dat die Raad vir die regs- en administratiewe kostes van die transaksie verantwoordelik sou wees, en dat, wanneer die voormelde gedeelte grond aan die Raad oorgedra word, dit met Erf 352 gekonsolideer sou word om 'n *'pansteef'* te vorm en dat 'n serwituut van reg van weg daaroor ten gunste van Erf 351 geregistreer sou word.

Omdat Van Heerden en Chapman nie die Munisipaliteit se aanbod aanvaar het nie, is 'n voorlopige kennisgewing van onteiening (gedateer 27 Januarie 2000) in terme van artikel 123 van Ordonnansie 20 van 1974, soos gewysig, aan Van Heerden en Chapman se plaaslike prokureurs versend. Daarna, op 8 Februarie 2000, het die Raad van die Munisipaliteit 'n spesiale resoluësie aanvaar tot dien effekte dat die onteiening van die voorgemelde gedeelte van Erf 353 sou voortgaan.

In terme van 'n brief gedateer 11 Februarie 2000, het Van Heerden en Chapman se prokureurs skriftelik beswaar gemaak teen die voorgenome onteiening. Die betrokke brief plaas op rekord *'dat die voorgestelde onteiening **ultra vires** die bepalings van Ordonnansie 20 van 1974 is, aangesien dit nie vir **bona fide** munisipale doeleindes is soos vereis in artikel 123 van die*

gemelde Ordonnansie nie ... U Raad is nie by magte om die eiendom van een individu te onteien indien dit ten doel het en slegs tot voordeel is van een ander individu nie'. Volgens hierdie brief is die Munisipaliteit in kennis gestel dat, indien die Munisipaliteit met die voorgestelde onteiening sou voortgaan, Van Heerden en Chapman die Hooggeregshof sou nader ten einde hulle belange te beskerm.

Ten spyte van hierdie brief, die inhoud waarvan uiteengesit is in 'n voorlegging opgestel aangaande die onteiening deur die Departement van Beplanning, Plaaslike Regering en Behuising, (klaarblyklik vir die aandag van die Minister), is die Munisipaliteit se spesiale besluit ten opsigte van die onteiening deur die Minister, as die '*bevoegde gesag*', ingevolge artikel 123 van die Munisipale Ordonnansie op 22 Mei 2000 goedgekeur. Die onteiening is ook deur die Direkoraat Streekbeplanning en die Direkoraat Grondontwikkelingsbestuur ondersteun. Voordat die Munisipaliteit egter die onteiening, soos deur die Minister goedgekeur, kon uitvoer, het Van Heerden en Chapman die goedkeuring van die onteiening by wyse van 'n hersieningsaansoek bestry. Hulle het hoofsaaklik gesteun op die argument dat '*die onteiening van die gedeelte van Erf 353 ... nie in ooreenstemming is met die bepalinge van artikel 123(2) van die Munisipale Ordonnansie nie, meer bepaald omdat die onteiening nie vir munisipale doeleindes geskied het nie, maar uitsluitlik ter voldoening aan Vierde Respondent [mnr Smith] se begeerte om oor Erf 353 te beweeg na Erf 352*'.

Na die loods van die hersieningsaansoek, het die Afdeling Regsdienste van die Wes-Kaap Provinsiale Administrasie oorweging aan die aangeleentheid geskenk en 'n verslag, gedateer 27 November 2000, aan die Departement van Beplanning, Plaaslike Regering en Behuising, versend. In dié verslag, is die mening uitgespreek dat '*die onteiening nie in die openbare belang*

*is soos vereis deur die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975) en in die Grondwet, 1994 nie. Slegs die eienaar van Erf 352 se belang word gedien in die onteining van die gedeelte van Erf 353 ... Daar sal wel gevalle wees waar die publiek ook gedien word wanneer 'n derde voordeel verkry deur onteining, maar ons glo nie dat hierdie geval so 'n uitsondering is nie'. Die verslag bevestig dus in wese die standpunt ingeneem deur Van Heerden en Chapman se prokureurs, in hulle bogenoemde brief (gedateer 11 Februarie 2000) aan die Munisipaliteit, dws dat die voorgestelde onteining *ultra vires* die bepalings van Ordonnansie 20 van 1974 is, aangesien dit nie vir *bona fide* munisipale doeleindes is nie.*

Dit is klaarblyklik as gevolg van hierdie regsadvies deur die Wes-Kaap Provinsiale Administrasie, Afdeling Regsdienste, dat die Premier en die Minister, en daarna die Munisipaliteit, besluit het om nie die Hersieningsaansoek te opponeer nie. Soos reeds hierbo uitgewys, het die Premier, die Minister en die Munisipaliteit met Van Heerden en Chapman ooreengekom dat die Hersieningsaansoek nie teengestaan sou word nie; dat hierdie drie respondente kennisgewings tot dien effekte in terme van Reël 53 sou liasseer en dat, in ruil hiervoor, Van Heerden en Chapman geen kostebevel teen hulle sou aanvra nie. Soos reeds gesê, is mnr en mev Smith nooit in kennis gestel van hierdie *inter partes* reëlings en ooreenkomste nie.

Die handelinge en korrespondensie wat aanleiding gegee het tot die Munisipaliteit se bogenoemde spesiale besluit om 'n gedeelte van Van Heerden en Chapman se onroerende eiendom te onteien, welke besluit daarna deur die Minister goedgekeur is, word volledig in die verskillende eedverklarings, soos in die huidige verrigtinge geliasseer, uiteengesit. Vir doeleindes van hierdie uitspraak, is dit nie nodig om dié feite verder te bespreek nie. Dit is voldoende om te sê dat, myns insiens, dit uit die verskillende eedsverklarings blyk dat die

regsadvies wat aan mnr en mev Smith in verband met die hersieningsaansoek gegee is en op grond waarvan hulle geen kennisgewing van opponering of enige ander dokument geliasseer het nie, glad nie goeie advies was nie. Sou hulle 'n kennisgewing van nie-opponering in terme van Reël 53, waarin hulle enige aanspreeklikheid vir die koste van die hersieningsaansoek verwerp het, geliasseer het, tesame met 'n beëdige verklaring met 'n uiteensetting van al die feite wat in die huidige funderende eedsverklaring uiteengesit is, is dit miskien moontlik dat hulle deur die hof a *quo* van enige koste-aanspreeklikheid vrygestel sou gewees het. Ek spreek geen mening in dié verband uit nie. Die huidige vraag is egter **nie** of mnr en mev Smith in die abstrak 'n goeie verweer tot die '*koste-gedeelte*' van Van Heerden en Chapman se hersieningsaansoek sou gehad het nie; die enigste geskilpunt wat in hierdie verrigtinge aangespreek moet word, is of die kostebevel gemaak deur Jali R op 22 Februarie 2001 '*verkeerdelik aangevra of verkeerdelik gegee is in die afwesigheid van 'n party wat daardeur geraak word*', binne die betekenis van Reël 42(1)(a).

Regsposisie

Reël 42(1) bepaal dat:

*‘Die hof het benewens ander magte wat hy mag hê, die reg om **mero motu** of op aansoek van 'n party wat geraak word, bevele of vonnisse te wysig of te herroep:*

- a) wat verkeerdelik aangevra of verkeerdelik gegee is in die afwesigheid van 'n party wat daardeur geraak word’.*

Erasmus et al *Superior Court Practice* (1994, met losblad-vervangings) B1-308A sê die volgende met betrekking tot die betekenis en toepassing van Reël 42(1)(a):

‘An order or judgment is erroneously granted if there was an irregularity in the proceedings, or if it was not legally competent for the court to have made such an order,

or if there existed at the time of its issue a fact of which the judge was unaware, which would have precluded the granting of the judgment and which would have induced the judge, if he or she had been aware of it, not to grant the judgment. Though in most cases such an error would be apparent on the record of the proceedings, it is submitted that in deciding whether a judgment was erroneously granted a court is not confined to the record of the proceedings.'

(Sien verder *Promedia Drukkers & Uitgewers (Edms) Bpk v Kaimowitz* 1996 (4) SA 411 (C) te 417G-I en die ander sake aangehaal deur Erasmus et al *loc cit.*)

Daar is nie eenstemmigheid in die Suid-Afrikaanse uitsprake met betrekking tot die vraag of die hof wat 'n aansoek in terme van Reël 42(1)(a) oorweeg geregtig is om feite wat nie uit die rekord van die verrigtinge voor die verhoorhof (dws die hof wat die bevel toegestaan het), en waarvan laasgenoemde hof onbewus was, in oorweging te neem nie. Hierdie vraag is bevestigend beantwoord deur Nepgen R in *Stander & Another v Absa Bank* 1997(4) SA 873 (E) te 880H-884E (sien ook *Promedia Drukkers en Uitgewers (Edms) Bpk v Kaimowitz & Others (supra)* te 417H-I en *Weare v Absa Bank Ltd* 1997 (2) SA 212 (D) at 217B-C). Erasmus R het egter tot die teenoorgestelde gevolgtrekking gekom in beide *Bakoven Ltd v G J Howes (Pty) Ltd* 1992 (2) SA 466 (E) en *Tom v Minister of Safety & Security* [1998] (1) All SA 629 (E) te 632g-645b. Die huidige aansoek is voor my geargumenteer op die basis dat ek **nie** beperk is tot die inhoud van die rekord van die verrigtinge voor Jali R nie en dat ek **wel** geregtig is om feite waarvan Jali R onbewus was en, '*which, had he been aware thereof, would have induced him not to grant the order sought*', in oorweging te neem. Dit is ook myns insiens die korrekte benadering tot die toepassing van Reël 42(1)(a) en ek vereenselwig my met die redenasie van Nepgen R in die *Stander* saak (*supra*) in dié verband. Dit is ook die benadering tot Reël 42(1)(a) gevolg deur my

ampsbroeder, Van Reenen R, in die *Promedia Drukkers en Uitgewers saak (supra)* te 421D-E.

Soos mnr **Grobbelaar**, wat vir mnr en mev Smith voor hierdie Hof verskyn het, geargumenteer het, in terme van die Kennisgewing van Mosie soos op mnr en mev Smith beteken, is aansoek gedoen vir 'n kostebevel teen al vyf respondente (nl, die Premier, die Minister, die Munisipaliteit en mnr en mev Smith). As die verhoorhof so 'n kostebevel sou gegee het, sou elkeen van die vyf respondente slegs aanspreeklik gewees het om sy of haar *aliquot* aandeel (een-vyfde aandeel) van die kostes te betaal, en sou hulle nie gesamentlik en afsonderlik daarvoor aanspreeklik gewees het nie. (Sien, in dié verband, Van Winsen et al *Herbstein & Van Winsen : The Civil Practice of the Supreme Court of South Africa* (4de uitgawe 1997) 734). Alhoewel dit van die Suid-Afrikaanse uitsprake na die uitspraak van die Appèlhof in *Minister of Labour v Port Elizabeth Municipality* 1952 (2) SA 522 (A), duidelik is dat '*the general rule is that, if two or more litigants both appear to oppose or to take part in litigation and make common cause in so doing, their opponents are entitled to an order that costs should be paid jointly and severally by the unsuccessful parties, even if there has been no specific prayer to this effect*' (sien Cilliers 'Costs' in *LAWSA Vol 3 Part 2* (eerste heruitgawe, 1997) par 386), is dit ook duidelik dat daardie algemene reël nie van toepassing is in die omstandighede van die huidige saak nie. (Sien verder in dié verband Cilliers *Law of Costs* (1997, met losblad-vervangings) par 11.02 - 11.05, en die sake daar aangehaal.)

Nieteenstaande die voormelde formulering van die bede ten opsigte van koste in die Kennisgewing van Mosie, het Van Heerden en Chapman egter (soos hierbo reeds uiteengesit), sonder om vir mnr en mev Smith daarvan in te lig, agteraf ooreenkomste aangegaan in terme waarvan die Premier en die Minister, en daarna die Munisipaliteit, kennisgewings geliasseer het dat hulle nie die aansoek om hersiening sou opponeer nie en sou berus by die beslissing van die hof, in ruil waarvoor Van Heerden en Chapman onderneem het om geen kostebevele teen hierdie drie respondente te vra nie.

Dit is nie in geskil dat mnr en mev Smith glad nie betrek is by bogenoemde ooreenkomste tussen Van Heerden en Chapman, aan die een kant, en die Premier, die Minister en die Munisipaliteit, aan die ander kant nie. Inteendeel, soos hierbo bespreek, alhoewel Van Heerden en Chapman se prokureurs, by wyse van brief (gedateer 7 Desember 2000) vir die Munisipaliteit in kennis gestel het dat die Premier en die Minister 'n kennisgewing van nie-opponering geliasseer het en dat Van Heerden en Chapman in ruil daarvoor nie 'n kostebevel teen hulle sou vra nie, is geen sodanige brief aan mnr en mev Smith geskryf nie. Terwyl die Munisipaliteit by wyse van hierdie brief gevra is of dit van voorneme is om ook 'n kennisgewing van nie-opponering te liasseer en dat, indien wel, Van Heerden en Chapman ook nie 'n kostebevel teen die Munisipaliteit sou vra nie, is geen sodanige voorstel aan mnr en mev Smith gemaak nie.

Mnr en mev Smith was dus totaal onbewus van die feit dat, benewens hulle twee, daar geen ander respondent was wat Van Heerden en Chapman se hersieningsaansoek opponeer of vir die koste daarvan verantwoordelik sou wees nie. In sy funderende eedsverklaring verklaar mnr Smith dat, indien hy en sy vrou bewus sou gewees het van hierdie feite, hulle beslis die kostebevel in die hersieningsaansoek sou geopponeer het. Dié stelling word nie eintlik deur enige van die respondente in hulle opponerende beëdigde verklarings in geskil geplaas nie. Daar is egter 'n feite-dispuut tussen mnr en mev Smith, aan die een kant, en die Minister, aan die ander kant, ten opsigte van die vraag of die Minister, in 'n telefoniese gesprek met mnr Smith na die uitreiking van Van Heerden en Chapman se hersieningsaansoek, *'bevestig het dat ek [mnr Smith] en tweede applikant [mev Smith] persoonlik geen aandeel aan die nalate en opvolgende aksies van die derde of vierde respondente [die Munisipaliteit en die Minister] het nie en nie by die hersieningsaansoek betrokke moet raak nie'*.

Daar is ook feite-dispute tussen mnr en mev Smith, aan die een kant, en die Munisipaliteit, die Minister en die Premier, aan die ander kant, oor die vraag of (soos deur mnr Smith in sy funderende eedsverklaring beweer word) hy deur die Munisipaliteit en die Minister verseker is dat *'die probleem **inter partes** opgelos sou word, en dat ek [mnr Smith] en tweede applikant [mev Smith] nie betrokke is en geen koste-risiko loop nie'*.

In die lig van die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is voormelde (en die ander) feite-dispute tussen die partye nie wesenlik nie en is dit nie nodig om dit verder te bespreek nie. Myns insiens, is die enigste relevante feite waarvan Jali R ten tyde van die aanhoor van die ongeopponeerde hersieningsaansoek nie bewus was nie, die feit van die onderlinge '*koste-ooreenkomste*' tussen Van Heerden en Chapman, aan die een kant, en die Premier, die Minister en die Munisipaliteit, aan die ander kant; die feit dat mnr en mev Smith nie deur Van Heerden en Chapman van hierdie ooreenkomste in kennis gestel is nie; en die feit dat die kennisgewings van nie-opponering, wat deur die Premier en die Minister, asook deur die Munisipaliteit, geliasseer is, nie op mnr en mev Smith beteken is nie en dat hulle totaal daarvan, en die implikasies daarvan, onbewus was. Alhoewel Van Heerden en Chapman wel van hierdie feite bewus was, is dit gemene saak dat hierdie feite nie deur hulle voor Jali R geplaas is nie.

Dit is inderdaad die geval, soos mnr **du Toit** (wat namens die derde respondent voor hierdie Hof verskyn het) geargumenteer het, dat dit die prerogatief van 'n applikant is om te besluit teen welke respondent of respondente hy of sy 'n kostebevel wil aanvra. Daarna is dit binne die diskresie van die verhoorhof om te bepaal (a) of daar gronde in die aansoek bestaan vir sodanige bevel; (b) teen welke van die gekose respondente dit verleen sal word; en (c) wat die presiese omvang en aard daarvan sal wees, ongeag die wyse waarop die applikant se kostebede geformuleer is. Die feit bly egter staan dat in hulle kennisgewing van mosie, Van Heerden en Chapman slegs gevra het vir 'n kostebevel teen die vyf respondente, insluitende mnr en mev Smith, en nie gevra het vir (byvoorbeeld) koste '*teen sodanige respondente as wat die Hof mag gelas*' nie of teen die vyf respondente gesamentlik en afsonderlik nie.

Dit is ook korrek dat, in die algemeen, partye wat 'n koste-ooreenkoms bereik onder geen

prosedurele of ander verpligting staan om ander partye in die saak daaromtrent in te lig nie. Desnieteenstaande, omdat die kernfaktor in die uitoefening van 'n hof se diskresie ten opsigte van koste die kwessie van billikheid teenoor alle partye is - '*in essence it is a matter of fairness to both sides*' (sien *LAWSA op cit* par 292 en die sake daar aangehaal) - is daar, myns insiens, 'n sodanige verpligting om ander partye in die saak van sulke koste-ooreenkomste in te lig in omstandighede waar hierdie koste-ooreenkomste die effek sou hê om die gevraagde regshulp ten opsigte van koste potensieel te '*verswaar*' tot nadeel van 'n respondent wat nie 'n party tot so 'n koste-ooreenkoms is nie. In wese het die onderlinge koste-ooreenkomste tussen Van Heerden en Chapman, aan die een kant, en die Premier en die Minister, asook die Munisipaliteit, aan die ander kant, en die feit dat Van Heerden en Chapman daarna gedurende die aanhoor van die hersieningsaansoek slegs gevra het vir koste teen mnr en mev Smith, die effek gehad dat die oorspronklike kennisgewing van mosie tot nadeel van mnr en mev Smith, en sonder hulle kennis, deur Van Heerden en Chapman gewysig is. Insteede van aanspreeklikheid vir hoogstens hulle *aliquot* gedeelte van die koste van die hersieningsaansoek (in totaal twee-vyfdes), soos deur die oorspronklike kennisgewing van mosie voorbedui is, het Van Heerden en Chapman nie vir koste teen die ander drie respondente gevra nie en is mnr en mev Smith uiteindelik opgesaai met 'n hofbevel in terme waarvan hulle al die koste van die hersieningsaansoek moet betaal.

Mnr **du Toit** het ook geargumenteer dat, selfs indien geen koste-ooreenkomste aangegaan is nie en Van Heerden en Chapman, soos in hulle oorspronklike kennisgewing van mosie, by die aanhoor van die hersieningsaansoek vir koste teen al vyf die respondente gevra het, Jali R in die uitoefening van sy diskresie ten opsigte van koste nie noodwendig 'n kostebevel teen òf die Premier, òf die Minister, òf die Munisipaliteit sou gemaak het nie. Mnr **du Toit** het gesteun op die algemene reël '*dat 'n kostebevel nie toegestaan word teen 'n openbare amptenaar wat in die foutiewe maar **bona fide** uitoefening van sy ampspligte opgetree het nie*' (per Vivier AR in *Fleming v Fleming & 'n Ander* 1989 (2) SA 253 (A) te 262C). Hy het ook daarop gewys dat, selfs

in die afwesigheid van 'n koste-ooreenkoms, dit gebruiklik is vir 'n hof om in 'n hersieningsaansoek nie 'n kostebevel te maak teen 'n statutêre orgaan (as respondent) wie se besluit op hersiening geneem word, indien sodanige respondent sy samewerking verleen deur hom by die besluit van die hof te berus nie (sien *Cash Paymaster Services (Pty) Ltd v Eastern Cape Province* 1999 (1) SA 324 (CKHC) te 353G-J). (Sien ook, in verband met hierdie 'algemene reëls,' Cilliers *Law of Costs op cit* par 10.05 – 10.08 en die sake daar aangehaal.)

Dit is egter duidelik uit die Suid-Afrikaanse sake in dié verband dat voormelde reëls glad nie onbuigsame reëls is wat in alle gevalle geld sodat die hof se diskresie aan bande gelê word nie. (Sien byvoorbeeld *Fleming v Fleming & 'n Ander (supra)* te 262D). In die woorde van Corbett AR in *Attorney-General, Eastern Cape v Blom & Others* 1988 (4) SA 645 (A) te 670F –

‘ ... In any event the rule should not be elevated into a rigid one of universal application which fetters the judicial discretion.’

Volgens die Suid-Afrikaanse sake, ‘*where the respondent public officers, acting in their official capacities, had no malice but exceeded their authority and committed “irresponsible actions” they were ordered to pay the applicant’s costs of the application. Gross negligence or even negligence can apparently also be a basis for a costs order against a public official who has erred, even where he is **bona fide***’ (sien Cilliers *Law of Costs op cit* par 10.07 en die sake daar aangehaal).

Uit die stukke wat in die hersieningsaansoek geliasseer is, is dit duidelik dat die spesiale besluit van die Munisipaliteit om 'n gedeelte van Van Heerden en Chapman se onroerende eiendom te onteien, asook die goedkeuring van hierdie besluit deur die Minister ingevolge artikel 123 van die Munisipale Ordonnansie 20 van 1974 (soos gewysig), alhoewel *bona fide*, ten minste as

'irresponsible actions' bestempel kan word. Soos hierbo uiteengesit, is die Munisipaliteit reeds ongeveer 11 Februarie 2000 deur Van Heerden en Chapman se prokureurs in kennis gestel dat die voorgestelde onteiening *ultra vires* die bepalings van Munisipale Ordonnansie 20 van 1974 is, aangesien dit nie vir *bona fide* munisipale doeleindes was nie, en dat hierdie standpunt deur 'n voorlegging opgestel deur die Departement van Beplanning, Plaaslike Regering en Behuising, behoorlik aan die Minister en die relevante verteenwoordiger van die Premier oorgedra is. Desnieteenstaande, het hierdie drie respondente slegs **na** die uitreiking van die hersieningsaansoek regsadvies in dié verband ingewin, welke regsadvies (in die vorm van 'n verslag opgestel deur die Afdeling Regsdienste van die Wes-Kaap Provinsiale Administrasie), in wese die vroeëre standpunt van Van Heerden en Chapman se prokureurs bevestig het. As die drie respondente hierdie regsadvies op 'n baie vroeër stadium ingewin het, sou hulle in alle waarskynlikheid nie die besluite en aksies geneem het waarteen die hersieningsaansoek geloods is nie. Dit is, myns insiens, heel moontlik dat, indien Van Heerden en Chapman nie voormelde koste-ooreenkomste aangegaan het nie en wel by die aanhoor van die hersieningsaansoek vir koste teen die Premier, die Minister en die Munisipaliteit *inter alia*, gevra het, Jali R bereid sou gewees het om in die uitoefening van sy diskresie van die '*algemene reël*' af te wyk en sodanige kostebevele teen dié openbare amptenare te maak.

In die oorspronklike Kennisgewing van Mosie wat mnr en mev Smith op 21 September 2001 hierin laat uitreik het, het hulle slegs vir die volgende regshulp aansoek gedoen:

- ‘1. *Dat die kostebevel wat op 22 Februarie 2001 teen die Applikante toegestaan is tersyde gestel word;*
2. *Dat die Respondente [Van Heerden, Chapman, die Munisipaliteit, die Minister en die Premier] gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal; en*
3. *Verdere en/of alternatiewe regshulp.'*

Op 22 Oktober 2001 het mnr en mev Smith in terme van Reël 28(1) en(2) kennis aan al vyf respondente gegee van hulle voorneme om die oorspronklike Kennisgewing van Mosie te wysig deur die invoeging van twee nuwe bedes 2 en 3, beide in die alternatief tot bede 1, en deur die hernumerering van die oorspronklike bedes 2 en 3 daardeur veroorsaak. Geen van die vyf respondente het enige beswaar teen die voorgename wysiging gemaak en al die respondente is dus, ingevolge Reël 28(5), geag tot die wysiging toe te gestem het. Die gewysigde bladsye van die Kennisgewing van Mosie is dienooreenkomstig op 30 November 2001 op al die respondente beteken.

Mnr **de Haan**, wat namens die Minister en die Premier in hierdie verrigtinge verskyn het, het betoog dat die voeging deur mnr en mev Smith van hierdie twee respondente 'n onnodige wanvoeging is. Volgens mnr **de Haan**, omdat die kostebevel nie ten gunste van die Minister en die Premier, en ook nie teen hulle, gegee was nie, het hulle geen belang by die aansoek om tersydestelling van die kostebevel soos toegestaan deur Jali R nie en hoef hulle ook nie daarby betrokke te wees nie. Mnr **de Haan** het verder geargumenteer dat die twee alternatiewe bedes (soos ingevoeg gedurende Oktober 2001) nie binne die strekwydte van die hof se magte in terme van Reël 42 om bevele of vonnisse te 'wysig' geval het nie en dat die Minister en die Premier dus slegs by die alternatiewe aansoeke om wysiging van die kostebevel 'n belang het insoverre daar gevra word dat hulle bevele moet word om 'n gedeelte van die koste van mnr en mev Smith se aansoek te dra. Hy het dus gevra dat die huidige aansoek afgewys word en dat, wat die koste van hierdie verrigtinge betref, mnr en mev Smith gelas word om die koste van die Minister en die Premier te betaal op die skaal van prokureur en kliënt omdat, volgens hom, mnr en mev Smith doelbewus hulle aansoek gewysig het om die Minister en die Premier daarby te betrek.

Namens die Munisipaliteit het mnr **du Toit** betoog dat mnr en mev Smith onnodiglik die Munisipaliteit gedwing het om wesentlike regskoste aan te gaan om die huidige aansoek te opponeer, aangesien daar geen regsgeldige grondslag bestaan om òf (i) die kostebevel gemaak deur Jali R te wysig om die aanspreeklikheid van die Munisipaliteit in te sluit nie; òf (ii) 'n ongekwalfiseerde kostebevel in hierdie aansoek teen die Munisipaliteit te vra nie (insteede daarvan om sodanige bevel te vra slegs indien die Munisipaliteit die aansoek opponeer). Mnr **du Toit** het ook betoog dat die Munisipaliteit genoodsaak is om die huidige aansoek te opponeer as gevolg van die bewerings in die funderende eedsverklaring tot die effek dat die Munisipaliteit en die Premier vir mnr en mev Smith verseker het dat hulle '*geen handeling hoef uit te voer nie en dat hulle* [nl, die Munisipaliteit en die Minister] *die probleem sal oplos*', en verder dat die Munisipaliteit teenoor mnr en mev Smith onderneem het dat hulle nie 'n koste-risiko in die hersieningsaansoek dra nie. (In dié verband, moet dit onthou word dat mnr Smith ook in sy funderende eedsverklaring beweer het dat, na ontvangs van die kennisgewing van mosie in die hersieningsaansoek, die Minister telefonies aan hom '*bevestig het dat ek en tweede applikant* [mnr en mev Smith] *persoonlik geen aandeel aan die nalate en opvolgende aksies van die derde of vierde respondent* [die Munisipaliteit en die Minister] *het nie en nie by die hersieningsaansoek betrokke moet raak nie*'. Al hierdie bewerings word deur die Munisipaliteit en die Minister, respektiewelik, ontken.) In navolging van die Munisipaliteit se opponerende eedsverklaring, het mnr **du Toit** in sy argumentshoofde gevra dat mnr en mev Smith se huidige aansoek van die hand gewys moet word en dat mnr en mev Smith gelas moet word om die Munisipaliteit se koste te betaal op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt. In die verrigtinge voor hierdie Hof, het mnr **du Toit** egter aangedui dat die Munisipaliteit nie in die versoek vir 'n spesiale kostebevel teen mnr en mev Smith volhard nie en dat hulle slegs vra dat die huidige aansoek van die hand gewys moet word en dat mnr en mev Smith gelas moet word om die Munisipaliteit se koste (op die normale skaal) te betaal.

Wat betref die beweerde wanvoeging van die Minister en die Premier:

'If a third party has, or may have, a direct and substantial interest in any order the court might make in proceedings or if such an order cannot be sustained or carried into effect without prejudicing that party, he is a necessary party and should be joined in the proceedings, unless the court is satisfied that he has waived his right to be joined.'

(Sien *Van Winsen et al op cit 170* en die sake daar aangehaal.)

Ek stem met mnr **de Haan** saam dat ek nie by magte is om enige van die alternatiewe bedes 2 en 3 in mnr en mev Smith se Kennisgewing van Mosie, soos gewysig, te maak nie. Die eenvoudige rede hiervoor is dat dit gemene saak is, soos hierbo uiteengesit, dat Van Heerden en Chapman met die Munisipaliteit, die Minister en die Premier ooreengekom het om **nie** enige kostebevel teen hierdie respondente te vra nie. Myns insiens, sou dit buite my diskresie ten opsigte van koste wees om 'n kostebevel teen enige respondent te maak waar die applikant in die betrokke aansoek, as *dominus litis* spesifiek met daardie respondent ooreengekom het om **nie** koste teen laasgenoemde te vra nie, en die hof in kennis gestel is van die feit dat die applikant nie meer koste teen sodanige respondent vra nie. Die Munisipaliteit, die Minister en die Premier het dus nie, myns insiens, '*a direct and substantial interest*' gehad in die gevraagde tersydestelling van die kostebevel wat deur Jali R teen mnr en mev Smith op 22 Februarie 2001 toegestaan is nie.

Desnieteenstaande, as gevolg van die stellings in die funderende eedsverklaring ten opsigte van die beweerde onderneming deur die Munisipaliteit en die Minister teenoor mnr en mev Smith tot dien effekte dat laasgenoemde nie 'n koste-risiko in die hersieningsaansoek dra nie, asook ten

opsigte van die beweerde telefoniese ‘bevestiging’ deur die Minister aan mnr Smith dat mnr en mev Smith ‘*persoonlik geen aandeel aan die nalate en opvolgende aksies van die derde of vierde respondente* [die Munisipaliteit en die Minister] *het nie en nie by die hersieningsaansoek betrokke moet raak nie*’, was dit na my mening vir mnr en mev Smith nodig om die Munisipaliteit, die Minister en die Premier by die huidige aansoek te voeg, om hulle die kans te gee om hierdie stellings te beantwoord. Dit kan ook gesê word dat, indien die kostebevel wat deur Jali R gemaak is, tersyde gestel word, hierdie tersydestelling ten minste **potensieel** tot die nadeel van die Munisipaliteit, die Minister en die Premier sou wees.

Soos hierbo bespreek, maak die Suid-Afrikaanse sake dit duidelik dat ‘*a judgment has been erroneously granted* [in terme van Reël 42(1)(a)] *if there existed at the time of its issue a fact of which the Judge was unaware, which would have precluded the granting of the judgment and which would have induced the Judge, if he had been aware of it, not to grant the judgment*’ (per White J in *Nyingwa v Moolman NO* 1993 (2) SA 508 (Tk) te 510G). In *Stander & Another v Absa Bank* (*supra*) te 884B-C, het Nepgen R die volgende gesê, waarmee ek ten volle saamstem:

‘White J, did, however, in this **dictum** state that the fact of which the Judge was unaware should be such that it “would have precluded the granting of the judgment”. If it was intended to convey, by the use of the word “precluded”, that the fact has to be of such a nature that the granting of the judgment would have been incompetent, I am of the view that it goes too far. However, I do not think that this is what was intended, as White J had earlier referred, with apparent approval (and certainly without dissension) to the **Topol** case (*supra*) [Topol & Others v LS Group Management Services (Pty) Ltd 1988 (1) SA 639 (W)], and he also described such fact as being of the nature that it “would have induced the Judge ... not to grant the judgment”. If it was only intended to refer to a fact which would have made the granting of judgment incompetent, the question of

inducement not to grant such judgment would not arise.'

Alhoewel Erasmus R, in die saak van *Tom v Minister of Safety and Security (supra)*, van sekere aspekte van die uitspraak van Nepgen R in die *Stander* saak (*supra*) verskil het, het Erasmus R die volgende ten opsigte van die korrekte uitleg van Reël 42(1)(a) gesê (te 644):

'It seems to me, quite simply, that an order or judgment is "erroneously sought" in the absence of a party where, for example, the rules of practice require notice but no such notice was given or the notice is defective, or the applicant seeks a judgment or order beyond the notice given. In such circumstances the order or judgment would also have been "erroneously" granted. To that extent the terms "erroneously sought" and "erroneously granted" are not mutually exclusive. A court may of course mero motu "erroneously grant" an order or judgment. Accordingly, one need not go outside the record of proceedings to give effect to the phrase "erroneously sought" (emphasis added).

(Sien ook Van Winsen et al *op cit* 697 en die sake daar aangehaal.)

Na my mening, is die volgende feite, waarvan Jali R ten tyde van die aanhoor van die hersieningsaansoek op 'n ongeopponeerde basis nié bewus was nie, wel feite *'which would have precluded the granting of the judgment [order] and would have induced the Judge, if he had been aware of it, not to grant the judgment [order]'*: die feit van die onderlinge *'koste-ooreenkomste'* tussen Van Heerden en Chapman, aan die een kant, en die Premier, die Minister en die Munisipaliteit, aan die ander kant; die feit dat mnr en mev Smith nie deur Van Heerden en Chapman van hierdie ooreenkomste in kennis gestel is nie; en die feit dat mnr en mev Smith totaal onbewus was van die liassering van die kennisgewings van nie-opponering deur die

Minister en die Premier, asook deur die Munisipaliteit, en van die implikasies van hierdie kennisgewings (en van die daaropvolgende '*koste-ooreenkomste*').

Ek herhaal dat, in wese, die onderliggende '*koste-ooreenkomste*' tussen Van Heerden en Chapman, aan die een kant, en die Premier, die Minister en die Munisipaliteit, aan die ander kant, asook die feit dat Van Heerden en Chapman gedurende die aanhoor van die hersieningsaansoek slegs gevra het vir koste teen mnr en mev Smith, die effek gehad het dat die oorspronklike Kennisgewing van Mosie tot nadeel van mnr en mev Smith, en sonder hulle kennis, deur Van Heerden en Chapman gewysig is. Na my mening, kan dit wel gesê word dat, deur in hierdie omstandighede slegs vir koste teen mnr en mev Smith gedurende die aanhoor van die hersieningsaansoek te vra, Van Heerden en Chapman inderdaad '*a judgment or order beyond the notice given*' gevra het (sien *Tom v Minister of Safety and Security (supra)* te 644).

Dit volg dat, myns insiens, die kostebevel wat op 22 Februarie 2001 deur Jali R teen mnr en mev Smith gemaak is herroep staan te word op die basis dat dit, binne die betekenis van Reël 42(1) (a) '*verkeerdelik aangevra of verkeerdelik gegee is in die afwesigheid van 'n party wat daardeur geraak word*'. Dit sou egter glad nie sin maak om hierdie kostebevel tersyde te stel, sonder om enige ander kostebevel instelle daarvan te maak nie. Soos ek egter alreeds gesê het, is ek nie by magte om bevel in terme van enige van die alternatiewe bedes 2 en 3 van die Kennisgewing van Mosie (soos gewysig) te maak nie. 'n Gepaste oplossing sou wees om mnr en mev Smith te bevel om daardie gedeeltes van die koste van die hersieningsaansoek, soos in terme van bedes 2 van Van Heerden en Chapman se (oorspronklike) Kennisgewing van Mosie teen hulle gevra is (nl, elkeen 'n *aliquot* aandeel van een-vyfde van die koste), te betaal. Alhoewel mnr en mev Smith se Kennisgewing van Mosie (soos gewysig) in hierdie verrigtinge nie eksplisiet vir so 'n bevel vra nie, het ek geen twyfel dat so 'n bevel in die omstandighede van die huidige verrigtinge paslike '*alternatiewe regshulp*' onder bedes 6 van die gewysigde Kennisgewing van Mosie sou

wees nie.

Wat betref die koste van die huidige verrigting, het mnr **Olivier**, wat vir Van Heerden en Chapman voor my verskyn het, met verwysing na die saak van *Meintjies NO v Administrasie Raad van Sentraal Transvaal* 1980 (1) SA 283 (T) te 294H-295B betoog dat, omdat mnr en mev Smith in hierdie verrigtinge die Hof vir 'n vergunning nader, en omdat Van Heerden en Chapman se opposisie tot die aansoek nie onredelik was nie, mnr en mev Smith gelas moet word om Van Heerden en Chapman se koste te betaal, selfs indien ek bereid sou wees om hulle aansoek toe te staan. Hy het egter aangedui dat, ten spyte van Van Heerden en Chapman se versoek in hulle opponerende eedsverklaring vir koste '*op die skaal tussen prokureur en eie kliënt*' teen mnr en mev Smith, Van Heerden en Chapman nie in hierdie versoek vir 'n spesiale kostebevel teen mnr en mev Smith volhard nie.

Die '*normale reëls*' in verband met litigante wat 'n hof vir 'n vergunning nader, word soos volg in *LAWSA op cit* par 302 uiteengesit:

'The general rule that costs follow the event is not applicable to successful applications for the grant of an indulgence by the court. In such cases the general rule is that the applicant should pay the costs of the application and, in certain circumstances, even the costs of opposition to the application ...

Where an application for an indulgence is granted, it has been held that the applicant for the indulgence should pay all the costs that can reasonably be said to be wasted because of the application, such costs to include the costs of such opposition as is in the circumstances reasonable and not vexatious or frivolous.

The general rule that the applicant for the grant of an indulgence ... should bear the costs of the application may, however, be departed from, and in this regard the conduct of the respondent may be relevant.'

(Sien verder, in dié verband, die sake aangehaal deur Le Roux R in *Meintjies*

NO v Administrasieraad van Sentraal Transvaal (supra) te 294H-295B.)

Dit is gevestigde reg dat die maak van enige kostebevel in die diskresie van die relevante hof is en dat hierdie diskresie judisieel uitgeoefen moet word na 'n behoorlike oorweging van die feite van elke besondere geval. Soos reeds gesê, is die kernfaktor in die uitoefening van 'n hof se diskresie ten opsigte van koste die kwessie van billiheid teenoor alle betrokke partye. (Sien, in dié verband Cilliers *op cit* par 1.04 – 1.08, *LAWSA op cit* par 292, en die sake daar aangehaal.)

Na 'n oorweging van al die omstandighede van die huidige geval, is ek van mening dat dit billik sal wees om Van Heerden en Chapman te gelas om mnr en mev Smith se koste van die huidige verrigtinge te betaal. Dit was as gevolg van Van Heerden en Chapman se '*reëlins*' met die ander drie respondente (die Munisipaliteit, die Minister en die Premier), asook hulle versuim om mnr en mev Smith van sodanige '*reëlins*' in kennis te stel, dat die kostebevel deur Jali R, wat ek tersyde gaan stel, gegee is. Myns insiens, behoort Van Heerden en Chapman ten minste aan mnr en mev Smith kennis te gegee het van hulle voorneme om by die aanhoor van die hersieningsaansoek 'n kostebevel teen slegs mnr en mev Smith te vra. Daarbenewens kon Van Heerden en Chapman, toe die huidige aansoek geloods is, afstand gedoen het van 'n gedeelte van die kostebevel wat in hulle guns deur Jali R gemaak is en slegs twee-vyfdes van hulle koste van die hersieningsaansoek van mnr en mev Smith geëis het. Insteede daarvan, het hulle al die regshulp waarvoor mnr en mev Smith gevra het (selfs in die gewysigde kennisgewing van mosie) kragtig geopponeer. Sodoende het hulle na my mening onredelik opgetree en sou dit billik wees

dat hulle mnr en mev Smith se koste moet betaal.

Ten opsigte van die koste van die ander drie respondente in hierdie verrigtinge (die Munisipaliteit, die Minister en die Premier), is dit inderdaad so dat mnr en mev Smith geen substantiewe regshulp teen hierdie respondente deur die bevel van hierdie Hof gaan kry nie. Nietemin, in die lig van die geskiedenis van hierdie geval, meer spesifiek die feit dat (soos hierbo bespreek) die spesiale besluit van die Munisipaliteit om 'n gedeelte van Van Heerden en Chapman se onroerende eiendom, asook die goedkeuring van hierdie besluit deur die Minister, ten minste as 'irresponsible actions' bestempel kan word, sou dit myns insiens billik wees om 'n bevel te maak dat elkeen van hierdie drie respondente hulle eie koste van hierdie verrigtinge moet betaal.

In die omstandighede, maak ek die volgende bevel:

1. ***Die kostebevel wat deur Jali R op 22 Februarie 2001 onder Saaknommer 8177/2000 teen mnr en mev Smith toegestaan is, word hiermee gewysig om te lees dat mnr en mev Smith gelas word om elkeen een-vyfde van Van Heerden en Chapman se koste van die hersieningsaansoek wat deur Jali R aangehoor is, te betaal.***
2. ***Van Heerden en Chapman word gelas om mnr en mev Smith se koste van hierdie aansoek te betaal.***
3. ***Van Heerden, Chapman, die Munisipaliteit, die Minister en die Premier word gelas om elkeen hulle eie koste van hierdie aansoek te betaal.***

.....
B J VAN HEERDEN